



CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT:	AFRIKAANS HUISTAAL
-----------------	---------------------------

1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE

AFDELING A

AFDELING A: Kreatiewe tekste (opstelle)

Die standaard was baie gepas en voldoen aan die NCS-vereistes. Die afdeling maak voorsiening vir kandidate met verskillende intelligensievermoëns. Die feit dat hierdie afdeling nie voorskriftelik is oor die tipe opstel wat geskryf moet word nie, het gehelp dat die kandidate hulself in die onderwerpe kan uitleef

VRAAG 1.1

1.1 Kandidate moes 'n opstel skryf oor **Hoe lyk my toekoms?**

1.2 LO.3 As 1&2

1.3 Baie kandidate (ongeveer 50%) het hierdie onderwerp aangepak. Hierdie onderwerp het uitstekende tot ondergemiddelde opstelle gelever. ('n gemiddeld van 58%) Die kandidate kon met die onderwerp identifiseer. Wat na 'n doodgewone onderwerp gelyk het, het werklik die leerders aangegryp.

VRAAG 1.2

1.1 Die onderwerp verwys na **die één les in my lewe.**

1.2 LO.3 As 1&2

1.3 Redelik baie kandidate (25%) het hierdie onderwerp aangepak en uitstekende tot gemiddelde opstelle gelever, aangesien die leerders fokus behou het en by die onderwerp gehou het. Die paar ondergemiddelde opstelle is as gevolg van 'n misinterpretasie van die onderwerp en die kandidate het oor meer as een les geskryf.

VRAAG 1.3

- 1.1 Kandidate moes 'n opstel skryf oor: **Span jou seile.**
- 1.2 LO.3 As 1&2
- 1.3 Redelike min van die kandidate het oor hierdie onderwerp geskryf. Hierdie onderwerp het nou aangesluit by die onderwerp by vraag 1.1. Wat verbasend is, is dat leerlinge hierdie idiomatiese uitdrukking: span die seile se betekenis geken het en dan baie lekker oor hierdie onderwerp bespiegel het. Hierdie onderwerp kon ook letterlik geïnterpreteer word.

VRAAG 1.4

- 1.1 Kandidate moet 'n opstel skryf oor **die waarde van werklikheidsreekse**
- 1.2 LO.3 As 1&2
- 1.3 Baie min kandidate het hierdie onderwerp aangepak, omdat hierdie opdrag 'n uitdaging aanbied om onderhoudend 400 woorde oor die **waarde** van werklikheidsreekse te skryf. Hierdie opdrag sluit 'n groot hoeveelheid leerders uit. Alhoewel die wêreld en SA op dié tipe reeks fokus en baie bemerking daarvoor gedoen word, is daar baie leerders wat nog nooit hieraan blootgestel is nie. Te veel huishoudings beskik nie oor dié televisiekanale waarop baie van die reekse aangebied word nie. 'n Aanbeveling is dat daar voorbeelde van hierdie reekse bv. "Survivor" en "Amazing Race" (SABC 3 waar die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners toegang het) as prikkels moes verskyn sodat die kandidate kon weet wat met werklikheidsreekse bedoel word.

VRAAG 1.5

- 1.1 Kandidate moet 'n respons op die gedig **Afrika-aans** deur Tinus Wasserfall gee.
- 1.2 LO.3 As 1&2
- 1.3 Baie min kandidate het hierdie onderwerp aangepak. Die kandidate kon enige interpretasie of enige prikkel uit die gedig gebruik het om 'n opstel te skryf. Hierdie was 'n opstel wat enige kandidaat kon aanpak, omdat daar nie voorskriftelik 'n sekere opstel van hulle verwag is nie. Dit is jammer dat nie meer kreatiewe kandidate hierdie opdrag aangepak het nie. Baie kandidate het nie die gedig verstaan nie.

VRAAG 1.6

- 1.1 Kandidate moet hul eie respons op die visuele prikkel gee. Hulle kon slegs oor een prikkel skryf, maar kon oor enige aspek van die prikkel geskryf het.
- 1.2 LO.3 As 1&2
- 1.3 Heelwat van die kandidate het oor een van die visuele prikkels geskryf. Hierdie vraag vergoed die swakke, sowel as die skrandere leerder. Die kandidate het redelike goeie opstelle geskryf en veral prikkel nommer 1.6.3 het uitstekende opstelle gelewer, omdat daar 'n legio interpretasies kon wees. Die gemiddeld van hierdie vraag was 68%.

AFDELING B

Al vier opdragte bied leerders die kans om effektiewe en beeldende taal te gebruik. Die standaard is geskik vir gr.12-leerders. Die opdragte in hierdie afdeling is oor die algemeen nie baie goed uitgevoer nie, omrede die kandidate nie die opdragte goed genoeg lees en beide opdragte wat gevra word uitvoer nie. Aandag moet gegee word aan hierdie Afdeling.

VRAAG 2.1

1.1 Die kandidate moet 'n **klagtebrief** skryf waarin hul hul kommer uitspreek oor die sepies wat tans uitgesaai word (bv.tas morele waardes aan) en daarmee saam moes hulle voorstelle maak oor hoe om die situasie te verbeter.

1.2 LO.3 As 1&2

1.3 Baie goeie instruksies lei die kandidate om te fokus op die onderwerp, maar kandidate lees die opdragte nie en kom dus nie uit by die twee fokuspunte in hierdie onderwerp nie. Baie kandidate weet ook nie wat die term **waardes** beteken nie en spreek dit dus nie aan nie. Heelwat kandidate het ook sepies verwar met flieks wat uitgesaai word. Die formaat van die klagtebrief moet aandag geniet. Hierdie formele brief kan onderrig word en leerders kan baie goeie punte behaal vir hierdie opdrag.

VRAAG 2.2

1.1 Van die kandidate word verwag om 'n **huldeblyk** te skryf wat voorgelees gaan word by die begrafnisdiens van 'n vriend/in of onderwyser.

1.2 LO.3 As 1&2

1.3 Die kandidate wat hierdie onderwerp aangepak het, het oor die algemeen geweet wat die huldeblyk behels en kandidate het goeie punte hier behaal. Die wat swak gevaar het, het 'n huldeblyk aan hul pa / ma / ouma of oupa geskryf. Van die kandidate het meer gekonsentreer op die agtergrond van die persoon as waarom hierdie persoon spesiaal was.

VRAAG 2.3

1.1 Die kandidate moet 'n **rubriek** aan die skoolkoerant skryf waarin hulle tieners raad gee oor dinge wat jongmense se lewens deurmekaar krap en hoe hulle hulle dit kan oorbrug. **Twee** situasies moet aangeraak word.

1.2 LO.3 As 1&2

1.3 Ongeveer (15%) van die kandidate het hierdie onderwerp gekies. Baie van die kandidate het swak tot baie goed in die vraag gevaar. Hierdie is vraagstukke wat in die LO-klasse aangespreek word en dit val in die kandidate se ervaringswêreld. Ongelukkig het kandidate weereens in die strik geval waar hulle nie die opdrag volledig beantwoord nie. Slegs twee probleme word aangespreek en die tweede opdrag om raad te gee word geïgnoreer of slegs een probleem en een raad daarvoor word aangespreek. Kandidate moet daarop gewys word om die opdragte noukeurig te lees en uit te voer.

VRAAG 2.4

- 1.1 Die kandidate moet 'n **motiveringstoespraak** skryf waarin hul hul span aanmoedig vir Saterdag se laaste wedstryd, asook 'n terugblik gee oor die span se ontwikkeling gedurende die seisoen.
- 1.2 LO.3 As 1&2
- 1.3 Baie kandidate het hierdie onderwerp aangepak en baie goeie toesprake tot baie swak aanbiedings is geskryf. Die kandidate begin baie min met 'n interessante inleiding of met 'n interessante openingsin. Kandidate maak ook nie gebruik van paragrawe in hierdie skryfstuk nie. Humor kan uiters suksesvol in hierdie skryfstuk wees, maar ongelukkig het baie min kandidate dit gebruik.

AFDELING C

Goeie onderwerpe en 'n goeie standaard. Hierdie onderwerpe bied 'n uitdaging aan die sterk sowel as die swak kandidate.

VRAAG 3.1

- 1.1 Die kandidate moet **drie dagboekinskrywings** maak oor: Ek is bang ... Ek hoop... Wat ek nou weet ...
- 1.2 LO.3 As 1&2
- 1.3 Ongeveer (58%) van die kandidate het hierdie onderwerp gekies. Baie van die kandidate het van gemiddeld tot baie goed in hierdie vraag gevaar. Hierdie was 'n vraag wat baie leiding aan die kandidate verskaf het en min kandidate het van die onderwerp afgewyk. Al probleem was dat baie min emosie aangespreek het as gevolg van die beperking van die woorde. Uitbreiding van die situasie kon dus ook nie aangespreek word nie, nietemin was die vraag goed beantwoord.

VRAAG 3.2

- 1.1 Die kandidate moes as fiksheidsinstrukteur mense motiveer om aan te sluit by die gimnasium deur DRIE soorte oefeninge te demonstreer. Hierdie oefeninge moet insluit, maag-, been- en strekoefeninge. Die **instruksies** vir elke oefening moet neergeskryf word.
- 1.2 LO.3 As 1&2
- 1.3 Heelwat kandidate (19%) het hierdie opdrag uitgevoer en gemiddeld na baie goeie instruksies is geskryf. Daar was van die kandidate wat bloot die prentjies beskryf het. Die kandidate was nie net beperk tot die illustrasies nie. Hulle kon enige been-, maag- of strekoefeninge beskryf het. Kandidate kon hierdie opdrag puntsgewys of in paragraafvorm geskryf het. Baie kandidate maak gebruik van telegramstyl en dit is onaanvaarbaar.

VRAAG 3.3

1.1 Die kandidate moes 'n plakkaat ontwerp waarin hy / sy 'n projek loods by die plaaslike ouetehuis. Die mede-leerders moes ingelig word oor hy / sy se voorneme en hul ondersteuning / samewerking vra.

1.2 LO.3 As 1&2

1.3 19 % van die kandidate het hierdie opdrag uitgevoer en gemiddeld na baie goeie plakkate is ontwerp. Ongelukkig is daar baie kandidate wat glad nie die kontakpersoon, die datum, tyd of plek of die projek enigsins bekendstel nie. Die gebruik van verskillende lettertipes en lettergroottes moet aandag geniet, aangesien baie min kandidate dit gebruik het. Kreatiwiteit het by hierdie opdrag ontbreek. Bogenoemde het baie kandidate gepootjie in 'n skryfstuk waar hulle baie maklik punte kon verwerf het.

7. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS TO HELP LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVELS

- Baie meer tyd / oefeninge in die klas moet aan Afdeling B en C gegee word, want in hierdie afdeling kan kandidate werklik hul punte verbeter deur aandag aan briefformaat, instruksies, dagboekinskrywings se formaat te gee.
- Leestekengebruik asook die kreatiewe gebruik daarvan vra aandag: kandidate gebruik kommas na willekeur en nie funksioneel nie.
- Te lang sinne word ook gebruik en word aanmekaar gekoppel met kommas in plaas daarvan dat punte gebruik word.
- Woordorde verdien ook aandag. Leerlinge plaas nie die werkwoord aan die einde van die sin nie.
- Taalgoggas soos die volgende moet vermy word:
 - gehaat i.p.v. gehad
 - die komma voor en
 - darm i.p.v. darem
 - oppad i.p.v. op pad
 - so i.p.v. dus (anglisisme)
 - daai i.p.v. daardie
 - waardeer i.p.v. waardeur
 - direkte rede in die opstel
 - moenie sinne begin met wel, so, of dat nie
 - die verkeerde gebruik van die verlede tyd in : Piet was gebore op 6 Desember i.p.v. Piet **is** op 6 Desember gebore.
 - Spelling van : interessant, herinneringe
 - Meeste i.p.v. **die** meeste
 - Moenie in hoofletters skryf nie
 - Daar moet aan paragrafering aandag gegee word. Leerlinge weet glad nie wanneer om 'n nuwe paragraaf te begin nie of skryf die hele opstel as een paragraaf
 - Kandidate moet waak teen die gebruik van Engelse woorde
 - Aanbeveling: kandidate moet eerder hul beplanning uitskryf as om spinnekopdiagramme te maak. Dit sorg vir baie beter opstelle.



8. ANY OTHER COMMENTS

- Die voorspelbaarheid van Afdeling C met die min stelstukke maak dit vir die kandidate voorspelbaar en gaan tot hul voordeel strek.
- Hierdie vraestel wat verrassend eenvoudige onderwerpe gehad het, het puik stelwerk gelewer. Die afleiding kan dus gemaak word dat ons as leerkragte meer elementêre opdragte vir leerders moet gee waarmee hul kan identifiseer. Die leerder se kreatiwiteit sal nog steeds na vore kom.
- Wat nog steeds pla, is die feit dat hierdie vraestel in die middag na 14:00 geskryf word na 'n lang Lewenswetenskap vraestel wat net so uitdagend is.
- Die belangrikheid van hierdie vraestel word onderskat, maar dit is die vraestel wat die meeste punte tel.
- Hier volg 'n paar **juweeltjies** uit die vraestel:
- “ek wil 'n elektrisien word ek het 'n passie vir krag”
- “ek moet die wêreld konvornteer met my gesig regop”
- “my toekoms is iets wat ek elke dag in my sak dra”
- “met sy bruin lyf en spierwit tanne sal hy my voete onde my uitslaan”
- “ek sien my man en myself in die Evaluator aandete met dai china stokies ...eet”
- “ek sien myself op my ou dag stoeletjie sit”
- “na die drankie het ek lighoofdig gevoel en my positiwiteit verloor”
- “jy val van die trappe af morsdood dan is jy agterna spuit”